Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 27 | 13 Mei 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

~ Apologies don't mean anything if you keep doing what you're sorry for. ~

BOELIES

Ons skool gaan uit ons pad uit om 'n veilige hawe vir al die leerders te skep.

Dit is so dat daar altyd kinders is wat as "boelies" bestempel word. Die realiteit is dat hierdie kinders nog altyd deel was van skole en altyd sal wees.

So vinnig word die opmerking gemaak dat 'n kind 'n "boelie" is. Ons maak die leerders by die skool deeglik bewus daarvan dat hulle voorvalle wat plaasvind by onderwysers moet aanmeld en altyd die volgende in gedagte moet hou:

Wanneer iemand iets lelik sê of doen...
Dit is Lelik

Wanneer iemand aspris iets lelik sê of doen...
Dit is Mislik

Wanneer iemand herhaaldelik, aspris, iets lelik sê of doen, al vra jy dat hy of sy moet stop...
Dit is Boelie

Dit is vir geen ouer maklik om te erken dat hul kind 'n boelie is nie. As ouer wil jy ook nie hê jou kind moet 'n boelie bly nie, want dit kan veroorsaak dat die probleem later tot kriminele gedrag kan lei.

Dit is daarom belangrik om op te let of daar enige tekens by jou kind verskyn, deur deurlopend jou kind te monitor.

Tekens waarna u moet oplet by u kind:

- Hy/Sy het vriende wat ander kinders afknou;
- Hy/Sy word gereeld na die Hoof se kantoor toe gestuur of sit gereeld detensie vir afknou of baklei;
- Hy/Sy blameer ander mense of kinders vir sy/haar probleem;
- Hy/Sy is baie kompeterend;
- Hy/Sy raak gereeld betrokke by fisieke en verbale gevegte of voorvalle;
- Hy/Sy word vinnig kwaad of aggressief; en
- Hy/Sy neem geen verantwoordelikheid vir sy/haar optrede nie – maak gou verskoning.

Hoe hanteer ek my kind indien ek vermoed dat hy/sy ander kinders boelie?

- Wanneer u kind as 'n boelie beskou word, is dit u plig as ouers om hom/haar daarvan bewus te maak dat dit totaal verkeerd is;
- Moet onder geen omstandighede 'n boelie-kind verwerp nie, hanteer hulle juis meer liefdevol;
- Maak gebruik van positiewe dissipline, daar is 'n duidelike verskil tussen dissiplinering en mishandeling;
- Gebruik prosesse en teruggawe. Wanneer u kind 'n ander kind se besittings geneem het, moet hy/sy rekenskap gee deur daarvoor te betaal of dit terug te besorg;
- Moet geensins huiwer om deskundiges se hulp te vra nie. Die skool het 'n Sielkundige wat baie bekwaam is. U kan gerus kontak maak met Mev. Ansa Mulder om die nodige besonderhede te verkry.

RESPEK
~ Respek is nie goedkoop nie !!!!
Dit hou nie verband met titels, ampte, of posisies nie
en kan allermins afgedwing word of met geld gekoop word !!!
Dis 'n kosbare, duur, ingesteldheid wat slegs gegee en verdien kan word,
want respek word in die hart gebore !!!! ~

GERUGTE VAN 'N DERDE VLAAG COVID-19

Natuurlik veroorsaak dit onrustigheid by 'n ouer indien 'n skool positiewe gevalle vir die Koronavirus aanmeld.

Ons leef nou al meer as 'n jaar saam met die "nare" virus en het soveel reeds geleer, maar onsekerheid sal daar altyd wees...

Selfdissipline is die wagwoord:

- Moenie onnodig saam groot groepe kuier nie, behou sosiale distansiëring;
- Dra u masker en leer u kinders om 'n masker te dra;
- Saniteer u hande gereeld; en
- Indien u nie lekker voel nie, maak 'n afspraak met u Mediese Praktisyn.

Ons doen ‘n ernstige beroep op ons ouergemeenskap om slegs feite oor te dra, en nie betrokke te raak by spekulatiewe beriggewing en/of opinies met betrekking tot positiewe gevalle nie. In samewerking met die Beheerliggaam, het die skool ‘n besluit geneem om slegs op bevestigde laboratorium resultate te reageer.

As ouergemeenskap moet u weet dat die Riebies met groot verantwoordelikheid optree en beslis niemand se lewe in gevaar wil stel nie. Indien die skool bevestigde positiewe COVID-19 gevalle het, word daar dadelik met die Departement van Gesondheid, die Departement van Onderwys, en met die ouergemeenskap in verbinding getree.

Die skool het ‘n besonderse positiewe eerste kwartaal beleef, juis omdat ons ouergemeenskap, leerders en personeel, mekaar se belange op die hart dra. Kom ons doen so voort.

Wat tans by skole gebeur en ook by ons skool, waar personeel en/of leerders positief getoets word, is ‘n tydige waarskuwing vir almal. Ek doen ‘n beroep op almal om te alle tye COVID-19 protokol toe te pas. Maskers, sosiale distansiëring en sanitering, het ongelukkig ‘n absolute deel van ons leefwyse geword en ons moet veral ons kinders hierin behoorlik opvoed.

“I am starting to think this world is just a place
for us to learn that we need each other more than we want to admit.”
~ Richelle E. Goodrich ~

TYDELIKE STAKING VAN WEDSTRYDE VIR KONTAK-SPORT

Dit is met groot spyt dat alle skole genoodsaak is om, as voorsorgmaatreël, ALLE WEDSTRYDE in kontak-sportsoorte met onmiddellike effek te staak. Hierdie besluit is geneem deur Sport-liggame, (met mediese advies in ag geneem), sowel as die regulasies van die Gesondheidsdepartement, en ook deeglike oorweging deur die Skoolbestuur en Beheerliggaam.

Daar is ‘n skerp styging in die omgewing, as ons kyk na die aantal sport-kinders en afrigters wat positief vir COVID-19 getoets het. Skole onttrek toenemend van wedstryd-dae, vir beide rugby- en netbal. Besoeke van ander skole en selfs die bywoon van wedstryde by ander skole raak ‘n toenemende uitdaging.

Die skool doen alles in ons vermoë en kry komplimente uit alle oorde met die hantering van uitdagings wat die virus vir ons bied. Die realiteit is egter dat die Gesondheidsdepartement enige skool kan sluit as gevolg van die hoeveelheid positiewe COVID-19 gevalle. Die besluit om rugby- en netbalwedstryde te staak is ‘n tydelike voorsorgmaatreël, sodat ons nie die hele skool blootstel aan ‘n moontlike sluiting nie.

Die skool gaan egter voort met gekontroleerde oefeninge binne ons “borrel”. Sodra die situasie verbeter sal ons weer voortgaan met wedstryde soos beplan.

Die veiligheid van leerders, personeel, en u as ouers, is vir ons belangrik. Ons waardeer elkeen se ondersteuning en samewerking.

GHOLFDAG: 28 MEI 2021

Die jaarlikse Riebie Gholfdag gaan op Vrydag, 28 Mei 2021, te Modderfontein Gholfbaan plaasvind. Dié Gholfdag het nou al ‘n instelling geword en is EEN fondsinsameling wat nié gemis mag word nie! Ons het oor die jare hard gewerk. Die Gholfdag groei jaarliks en dit als te danke aan u – ons ouer gemeenskap.

In die paar weke wat volg, voor 28 Mei 2021, het ons baie om te doen en ons benodig u hulp. Vele hande maak ligte werk!

Hoe kan u help?
Die skool benodig ‘n onderwyser per graad, en een of twee ouers per graad, vir die Beplanningskomitee. Dié span help met die beplanning van die Gholfdag, opmaak van putjies, en die werksaamhede gedurende die Gholfdag. Die span moet ‘n rooster opstel van wanneer watter ouer werk, sodat twee ouers nie die heeldag alleen op die baan sit nie.

Die graad-onderwyser en ouers vergader in hul afsonderlike graadverband met die ander grade se ouers en beplan dan hul putjie en speletjies.

Die skool benodig asseblief pryse en borge in menige formaat. Items soos wyn, gebottelde water, energie-drankies (bv. Energade of soortgelyk), sportsakke, vakansies, geskenkbewyse, ensovoorts, sal baie waardeer word.

Stuur asseblief die besonderhede van u borgskap [wat u neem (borgskap/vierbal), totale bedrag, volle besonderhede vir faktuur en besprekings-doeleindes] na golf@riebie.co.za. Merk dit asseblief duidelik: Riebies **Gholfdag 2021. U kan ook ons webwerf besoek vir meer inligting en kostes, en aanlyn-besprekings kan ook gedoen word by** www.riebie.co.za.

Saam beplan ons die nuwe MÔRE!

SKOOLDRAG

Ons is baie trots op ons skool se Riebie-skooldrag en ons leerders lyk altyd netjies. Dankie aan elke ouer wat ons so mooi ondersteun in dié verband.

Die skool het tans drie goedgekeurde diensverskaffers wat vir die leerders kwaliteit skoolklere verskaf:

1. Boundary Silk Basaar;
2. School & Leisure; en
3. Sapphire Corporate Solutions, wat tans die skool se nuutste diensverskaffer is, en is nog in die proses met die samestelling van die skooldrag.

Ons rig ‘n versoek aan ouers om asseblief nie by enige ander instansie of individuele persoon skooldrag aan te koop nie. Kwaliteit, kleur en snitte kan nie gewaarborg word nie.

Groete tot volgende week...

V BOTHA – SKOOLHOOF

SPORT

SKAAK

Die Kempton Park skaak-liga vir O/9, O/11 en O/13-spanne sal op Saterdag, 22 Mei 2021 om 09:00, by Marcelle plaasvind.

Die Kempton Park skaak-liga vir die meisiespan sal op 29 Mei 2021 om 12:00, by Marcelle plaasvind.

Alle inligting sal aan ouers gekommunikeer word sodra die skool dit ontvang.

RUGBY

Neem kennis: Geen wedstryde tot verdere kennisgewing.

RUGBY OEFENING VIR O/9 – O/13

MAANDAE	O/9	13:40 – 14:30
	O/10	14:15 – 15:00
	O/11, O/12 & O/13	15:00 – 15:45
DINSDAE	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:00
	O/9 & O/10	15:00 – 15:45
WOENSDAE	O/9	13:40 – 14:30
	O/10	14:15 – 15:00
	O/11, O/12 & O/13	15:00 – 15:45
DONDERDAE	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:00
	O/9 & O/10	15:00 – 15:45

RUGBY OEFENING VIR O/7 & O/8

O/7

MAANDAE	13:30 – 14:15

O/8

WOENSDAE	13:30 – 14:15

NETBAL

Neem kennis: Geen wedstryde tot verdere kennisgewing.

NETBAL OEFENING VIR O/10 – O/13

17, 18, 19 & 20 Mei 2021

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
14:15 – 15:00	O/12 A & B	O/11 A & B	O/10 A & B	O/9 A & B
15:00 – 15:45	O/13 A & B	O/13 C	O/ 11C & O/12 C	O/9 C & O/10 C

ENGELTJIE NETBAL PROEWE

Leerders wat gekies is om vir die O/7 en O/8 Engeltjie netbal te speel het briewe ontvang en die oefentye vir hierdie groep leerders is as volg:

Maandae en Woensdae
O/8 : 13:30 – 14:15

Dinsdae en Donderdae
O/7 : 13:30 – 14:15

Leerders wat nie briewe ontvang het nie, of nie in 'n span is nie, kan steeds oefening as volg bywoon:

Dinsdae
O/7 en O/8 : 13:30 – 14:15

TENNIS

Oefentye is vanaf 06:00 – 07:00 vir Graad 4 – Graad 7 leerders, op 18 Mei 2021 en 20 Mei 2021. Leerders mag LOV-drag dra. Onthou jou waterbottel en tennisraket. **GEEN leerder sal op die baan toegelaat word sonder tekkies nie.**

Oefening vir Graad 1 – Graad 3 leerders sal eers na afloop van die netbalseisoen begin. Dae en tye sal nader aan die tyd aan u gekommunikeer word.

"There is no way around the hard work. Embrace it
~ Roger Federer ~

ALGEMEEN

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 17 – 21 MEI 2021

MAANDAG	HOENDER A'LA KING	TOEBROODJIE & SAP
DINSDAG	MACARONI EN KAAS	VRUG & SAP
WOENSDAG	KERRIE EN RYS	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	WARMBRAKKE	MUFFIN / VRUG & SAP
VRYDAG	PIZZA	SKYFIES / VRUG / SAP

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***